Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-273-1335
🖷 042-273-1210
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 26/03 2021

Geagte Ouers/Voogde

Daar gaan volgende week nie ‘n nuusbrief verskyn nie. Die volgende nuusbrief gaan op onderskeidelik 8 en 9 April uitgestuur word. Geniet die Paastyd saam met u gesin en mag almal weer opnuut bewus wees van wat Jesus vir elkeen van ons op Golgota gedoen het.

1. **Portefeuljes van beheerliggaam:**

Jan Schoeman:	Voorsitter / Dissipline / Onderhoude /Finansies / Koshuis / SBST
Mia Koorzen-Buys:	Onder-voorsitter / Finansies / Dissipline / Onderhoude / Koshuis
Sanra Alberts:	Sekretaresse / Fondsinsameling / Fees / SBST
Werner Oberholster:	Terrein en Instandhouding / Sport
Christi Strydom:	Beelbou en bemarking / Dissipline
Riaan Strydom:	Fondsinsamelings / Fees / Terrein en Instandhouding
Bennett Wright:	Sport / Onderhoude / SBST

Baie sterkte met u groot en verantwoordelike taak. Ek sien daarna uit om saam met u te werk.

2. **Veiligheid van leerders:**
Ek doen ‘n vriendelike dog ernstige versoek dat ouers/voogde wat leerders by die skool aflaai/optel asseblief versigtig moet bestuur en die padreëls nakom. Dit is in belang van ons kinders se veiligheid. Ek maak staat op u samewerking.

3. **Administrasie:**
Ouers se verantwoordelikheid om vorms in te vul, word nie nagekom nie, bv. vervoer, verminderde skoolfonds, ens. Onderwysers en adminpersoneel sukkel daarmee. Alle inligting i.v.m. skoolaangeleenthede word d.m.v. die nuusbrief, whattsapp en eposse gestuur, maar ouers lees nie hierdie nuusbriewe nie. Hulle kom nie hul plig na nie.

4. **Karoo to Coast – fietswedren: 26 September 2021:**
Hierdie is weer ‘n geleentheid vir Hoërskool McLachlan om geld in te samel. Ons soek bestuurders om deelnemers se voertuie van Uniondale na Knysna te neem. Die skool verdien R850 per voertuig. Indien u beskikbaar is, kontak Daleen Strydom by 042 2731335 of stuur ‘n e-pos na info@hsmclachlan.co.za.

5. **Klerebank:**
Die klerebank sal volgende week op Woensdag, 31 Maart, oop wees in plaas van Donderdag, 1 April.

herotel IGEN

6. **<u>OOV-Fondsinsameling</u>**

Prego-rolle @ R25 te koop op Vrydag, 9 April 2021. Ons werk slegs op bestelling. Vul asb die afskeurstrokie met u bestelling in en gee dit teen Woensdag, 7 April 2021, saam met u betaling by u kind se registeronderwyser(es) in. Bestelvorms sal volgende week uitgegee word.

Baie dankie vir u ondersteuning met hierdie weeklikse OOV-fondsinsameling.

7. **<u>Finansies</u>:**

Die skoolfondsrekenings vir Maart 2021 is per hand aan leerders gegee. Die rekenings word per hand uitgegee, aangesien die posdiens te wisselvallig is. Ons rig 'n vriendelike versoek tot ouers om die rekening by u kinders te kry.

Die kopieerkoste van R500 per leerder vir 2021 moet teen **31 Maart** betaal wees, anders sal die betrokke leerders wat nog nie betaal het nie, nie verdere fotostate ontvang nie.

Busgeld is vooruit betaalbaar en ons versoek u vriendelik om die busgeld wat nog uitstaande is, te vereffen.

<u>Daaglikse roete</u>:	**[Kwartaal 1]**
Misgund	R1 456
Louterwater	R1 302
Krakeel	R1 148

Bankbesonderhede:	Bestuursliggaam HS McLachlan	
	ABSA Joubertina	
	Rekeningnommer:	1970 430047
	Tipe rekening:	Tjek
	Takkode:	334415
	Verwysing:	**Kind se naam en van**

Ons doen weereens 'n vriendelike, dog dringende versoek, dat EFT-betalings se verwysings die betrokke leerder se naam en van op sal hê, én dat 'n betalingsbewys, met verduideliking waarvoor die inbetaling is, na mev. Mattheus by admin@hsmclachlan.co.za ge-epos sal word.

Die volgende elektroniese betalings is ontvang en as gevolg van gebrekkige verwysings, weet ons nie wie die betaling gedoen het nie. Sal die betrokke persone asseblief vir mev. Mattheus in hierdie verband kontak.

01.02.2021:	Aftrekorder ABSA Bank
	Verwysing: Alex School fee – R2 610,00
26.02.2021:	Internetbetaling
	Verwysing: Skoolgeld – R1 075,00

8. **<u>Hoërskool McLachlan, ATKV-jeugtak, R62-Kamerade, bied 'n *"Teken jou ma"* - kompetisie aan</u>:**

Die ATKV R62-Kamerade nooi al die laerskoolleerlinge van graad 1 tot 6 uit om hul Mamma te teken. Julle kan groot pryse wen. Die kompetisie vind in twee kategorieë plaas:

Kategorie 1:	Graad 1 tot 3	Daar word 3 wenners aangewys.
Kategorie 2:	Graad 4 tot 6	Daar word ook 3 wenners aangewys.

Sluitingsdatum: Maandag 29 Maart/Dinsdag 30 Maart 2021.

Elke leerder het reeds 'n vorm ontvang. Voltooi jou prentjie en handig dit asseblief by juffrou Soné van Huyssteen, by Zack of Miencke Strydom in.

herotel IGEN

9. **<u>Kom vier saam met die ATKV-jeugtak, R62-Kamerade Paasfees</u>:**

Ek gaan iets skenk en jy?

Vier saam met die ATKV-jeugtak, R62-Kamerade

PAASFEES

en skenk asseblief jou klere, speelgoed of skoene
wat jy nie meer dra nie …

of

vars blikkieskos, ou storieboeke
en maak minderbevoorregtes
se hartjies bly!

Bring dit asseblief na die groen vierkant op
Woensdag, 31 Maart 2021

Of

Donderdag, 1 April 2021

Ek gaan iets skenk en jy?

10. **<u>Covid</u>:**

<u>Prosedure voor skool:</u>

Die skool se hekke word elke oggend om **07:30** oopgesluit en word weer om **07:50** gesluit. Leerders wat na 07:50 by die skool opdaag, moet by die sekretaresse aanmeld.

Die volgende reëls moet asseblief vir almal se veiligheid nagekom word:

- Leerders moet by die hekke wag totdat dit oopgesluit word.
- Handhaaf asseblief die vereiste 1,5 m sosiale afstand aan die buitekant van die hekke.
- Leerders moet asseblief nie dorp toe of na vriende se huise toe gaan nadat hulle by die skool afgelaai is nie.
- Die dra van 'n masker (mond en neus bedek) is verpligtend wanneer leerders buite die hekke wag.

S. PIENAAR
Waarnemende Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
Fax: +27 (0) 42 273 1210

Hoërskool McLachlan

herotel IGEN
McLachlan Internet Fasiliteit